

KOMMUNIKAMMA 7 JUNIE 2020



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS VIR DIE WEEK

Psalm. 100: 1,2 & 5

“Almal op aarde juig voor die Here! Dien die Here met blydschap. Kom voor Hom en sing met vreugde. Want die Here is goed, Sy troue liefde hou aan vir altyd, Sy trou van geslag tot geslag.”

SAKE VIR GEBED:

- Ons dank ons Heer vir Sy Woord, Sy troue liefde, Sy omgee, Sy vertroosting, Sy nabyheid, Sy genesing en Sy versorging.
- Bid asseblief vir al ons gesondheidsdienste en vir almal wat daarby betrokke is. Van ons gemeentede en hul kinders veg in die voorste linies van die Covid-19 pandemie en is baie kwesbaar. Bid vir hul gesondheid en beskerming. Bid ook vir die administrasie in verband met die besluite oor die noodsaaklikheid van behandeling vir pasiënte.
- Ons dank die Here vir al die pasiënte wat deur Sy genade reeds herstel het, maar ons bid vir almal wat siek is en vir hul naasbestaandes.
- Ons dra in besonder al ons bejaardes aan die Here op. Van hulle is so lank totaal afgesonder en voel baie eensaam, baie van hulle kan nie eers hul kinders sien nie. Bid vir almal in aftree-oorde en vir die wat siek is, tuis of in die hospitale.
- Tertia de Jager, oud skriba, wat aansterk na 'n beroerte.
- Leerders wat terugkeer skool toe, veral die matrieks wat onder moeilike en onseker omstandighede weer hul studies hervat. Bid vir die onderwysers wat dit moeilik en spanningsvol vind en ook aan al die skoolhoofde wat in hierdie onsekere tye nog meer verantwoordelikheid moet aanvaar.
- Dra ons leraars aan die Here op. Ons bid dat God hulle sal bystaan met leiding en onderskeidingvermoë om die regte besluite te neem in verband met die pad vorentoe vir ons gemeente en kerk. Kom ons hou hulle arms omhoog.
- Dankie aan almal wat bydra tot ons Projek van Hoop. Daar is so baie wat honger en koud is. Elke bietjie help.
- Vir lande soos Mosambiek en Mali wat ongeëwenaarde onrus en wreedheid teenoor Christene ondervind.
- Vir vriende en familie in ander lande wat baie blootgestel is aan die Covid-19 virus.
- Vir ons president en die regering om die regte leiding en besluite te neem.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid saam met Christene in Uzbekistan wat slegs in ondergrondse kerke mag aanbid, vir groei, uithouvermoë en geestelike volwassenheid.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die kerkraad is vanaand weer in gesprek hieroor en sal u so gou as moontlik inlig of daar wel dienste gaan plaasvind of nie.

NOOD

Indien iemand enige nood het of hulp nodig het, kontak ons. Laat weet asseblief ook as u 'n enkelopende of ouer persoon is wat hulp nodig het met iets soos bv aankope.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 7 Junie

EREDIENSTE

Vanoggend se Erediens sal nagmaal bedien word. Berei voor om die nagmaal saam te gebruik tydens die die aanlyn erediens.

Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Dinsdag 9 Junie

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.

Aflaai van voedselhelp aan PE-Noord. Kyk afkondiging hieronder.

Woensdag 10 Junie

GEMEENTEBIDUUR

Ons hou elke Woensdagaand om 18:00 'n gebedsgeleentheid op Zoom. Kontak asb met Niekie indien jy wil inskakel en saambid.

KOMMUNIKASIE

Indien jy nog nie die gemeente se WHATSAPP KOMMUNIKASIE ontvang nie, stuur asseblief jou naam in 'n WhatsApp aan 071 493 5998. Maak seker dat jy hiërdie nommer as 'n kontak op jou foon stoor om sodoende die nuutste gemeente inligting te ontvang.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- 7 Junie Flippie Kapp, Simonda Muller, Werner Nel, Marlene Postma en Nicolette Pretorius
- 8 Junie Tobias Fourie, Cilliers Jooste, Gerrit Lombard, Hugo Nothnagel, Xander Theron en Heinrich van Rooyen
- 9 Junie Elize Botha, Dané Cronjé, Chanté Kotze, Rinoldu Loftie-Eaton, Cobus Marx, Paul Retief en Salome van der Riet
- 10 Junie Liezl-Marie Human, Antoinette Nel en San Mari Woithe
- 11 Junie Antoinette Esterhuyse, Jaco Grobler, Philip Hanekom, Theresa Lombard en Anli Roets
- 12 Junie Karla du Toit, Jan Fourie, Carlen Rudolph, Xennie Visagie
Oom Jan Fourie word 93 jaar jonk – BAIE Geluk!!
- 13 Junie Johannes Brophy, Chris Lessing, Martie Smith, Frederik van Niekerk, Clarise van Rooyen en Koot Verster



BBP ISOLASIE FEESERASIE

Baie dankie vir almal wat deel was van die feesvierings.

Baie dankie aan elke lidmaat wat 'n donasie inbetaal het. Ons het tot dusver R 9 200.00 ingesamel.

Omdat die Kermis nie tydens inperking kan plaasvind nie, het ons dit voorlopig verskuif na Vrydag 30 of Saterdag 31 Oktober 2020.

HULP AAN PE-NOORD

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en, teen Woensdag 3 Junie is reeds R 24 800 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Skenkings kan elke Dinsdag gegee word. Insameling inligting is reeds op Watsapp uitgestuur en u kan dit ook op ons webblad kry. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

ADVERTENSIEBLAD

Ons gaan 'n advertensieblad saamstel om gemeentelede kans te gee om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer. Gemeentelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za. Die advertensies sal op whatsapp en facebook uitgestuur word. Die inligting sal ook in die weeklikse kommunikamma verskyn.

DANKOFFER

Die eerste 3 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.

Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.

Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word. Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005



ADVERTENSIEBLAD

Ons gaan 'n advertensieblad saamstel om gemeentelede kans te gee om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer. Gemeentelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za. Die advertensies sal op whatsapp en facebook uitgestuur word. Die inligting sal ook in die weeklikse kommunikamma verskyn.

Cornel Strydom van Debt Review Centre

Cornel bied die volgende dienste gratis aan alla gemeentelede aan:

1. Persoonlike Krediteure

Hier help ons individue met hulle persoonlike skuld. Daar is verskeie opsies tot hulle beskikking waarmee ons hulle kan adviseur. Dit strek vanaf self-help vir korttermyn probleme tot skuldberading vir die meer ernstige gevalle. Ons sal eers met die persoon elektronies of telefonies konsulteer om beter begrip te kry van hulle huidige finansiële posisie waarna ons hulle beter kan adviseur. Sou hulle meer inligting wil kry oor ons firma of ons dienste is hulle welkom om ons webwerf www.debtreviewcentre.co.za te besoek.

Anders kan hulle my kontak op 082 460 2049 of cornel@debtreviewcentre.co.za sou hulle enige advies nodig het.

Daar is geen kostes verbonde hieraan nie aangesien hierdie deel vorm van ons gemeenskap ondersteuningsprojek vir die jaar.

2. Besighede / Besigheidseienaars

Ons verleen ook hulp aan besighede. Daar is verskeie opsies vir besighede om hulle krediteure onder beheer te hou gedurende hierdie moeilike tyd. Ons dienste strek vanaf tussentydse finansiële konsultant tot formele besigheidsredding. Voor ons kan advies lewer konsulteer ons met die kliënt elektronies of telefonies om die besigheid se posisie te bepaal, waarna ons vir hulle advies kan lewer.